# Leef saam
## HUISGELOOF

# Week 4

## AGTERGROND VIR DIE TEKS VAN

# Markus 14:1-21, 43-52

**Wie?**
Jesus, Judas Iskariot en die vrou wat vir Jesus gesalf het, is die hoofkarakters in hierdie teksgedeelte. Judas Iskariot en die vrou wat vir Jesus gesalf het se optrede staan in sterk teenstelling met mekaar.
**Waar?**
Die teks noem slegs Betanië as die plek waar hierdie gebeure afgespeel het, maar uit die konteks kan ons aflei dat Jesus wel na omliggende gebiede gereis is. Bedags het Jesus en sy volgelinge na Jerusalem gegaan om die feesvierings by die tempel by te woon, en later die middag is hulle terug na Betanië waar hulle oorgeslaap het. Jesus het dus gereeld na Jerusalem gereis en dan ook later na Getsemane.
**Wat?**
Die belangrikste elemente wat in die vertelling oor Judas na vore kom, is die volgende:
1. Hy het agteraf gekonkel met die priesterhoofde en skrifgeleerdes wat Jesus op 'n slinkse manier gevange wou neem en doodmaak.
2. Sy agteraf gekonkel staan in sterk teenstelling met die algehele toewyding van die vrou wat vir Jesus gesalf het met die albaste fles en só "'n goeie daad aan Jesus doen". Jesus bevestig haar optrede as 'n voorbeeld om gelowiges in hulle toewyding aan Hom te versterk.
3. Judas was een van die twaalf dissipels, Jesus se vertroueling en vriend, maar hy sit die proses aan die gang om Jesus uit die weg te ruim.
**Waarom?**
Jesus het geweet sy tyd op aarde kom tot 'n einde. In hierdie tyd het Jesus sy dissipels voorberei vir die roeping wat hulle sou moes voortsit. Die heersers het Jesus as 'n moeilikheidmaker gesien, iemand wat hulle manier van doen omvergewerp en hulle orde ondermyn het. Hulle kon nie anders as om hierdie rebel uit die weg te ruim nie. Tog het hulle geen aanklag of bewys van oortredings teen Jesus gehad nie, behalwe dat Hy verkondig het dat Hy Christus, die Seun van God, is.

# Leef saam
## HUISGELOOF
# Week 4

## WELKOM

- As jy nou 'n miljoen rand sou kry, wat sou jy heel eerste doen? Het jy al agtergekom hoe baie tyd, energie en geld jy afstaan aan dinge wat vir jou belangrik is? 'n Mens kan maar net na mense se gedrag kyk, dan sal jy weet wat vir hulle belangrik is.
- Kom ons kyk wat was vir die mense in vandag se Bybelteks belangrik.

## WONDER

Lees saam Markus 14:1-21, 43-52.
Gesels saam:

- Vertel van 'n keer toe jy moes kies tussen twee dinge wat jy graag wou koop, maar jy het net genoeg geld vir een item gehad. Wat het jy toe gekoop? Hoekom het jy besluit om juis daardie item te koop?
- Hoe dink jy het Jesus gevoel toe Hy weet iemand gaan Hom verraai?
- Wat dink jy was vir Judas belangrik as jy aan vandag se Bybelgedeelte dink?
- Wat dink jy was belangrik vir die vrou wat vir Jesus gesalf het?

## WEES

*Kleiner kinders:*
***Hartjie-handwerk***
*Knip 'n hartjie uit papier en skryf daarop:*
*"Ek kies om Jesus te volg."*
*Plak dit êrens waar jy dit elke dag kan sien.*

Leef saam

HUISGELOOF

# Week 4

vir Groter kinders:

Kies een scenario en gesels saam oor wat elkeen sou doen:

Scenario 1:

’n Vriend word by die skool gespot en jy is bang jy word ook uitgesluit as jy hom help.

Scenario 2:

Iemand vra jou om saam te jok om uit die moeilikheid te bly.

Scenario 3:

Jy sien iemand word onregverdig behandel, maar jy is bang om iets te sê.

👉 Gesels saam:

- Wat sou Jesus wou hê ons moet doen?
- Hoekom is dit soms moeilik om reg te kies?

## WEGSTUUR

*Bid saam dat God ons sal help om altyd die regte dinge te doen. Bid dat God vir ons genoeg wysheid sal gee om altyd die regte keuses te maak.*